# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis... / Your home away from home...*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**12/10/2012**

## ANICA POTGIETER onder TOP 5 MATRIKULANTE BY US




Anica Potgieter het weer eens groot eer na Pinehurst gebring deurdat sy aangewys is as een van die TOP 5 Matrikulante vir 2012 tydens 'n spoggeleentheid by die Universiteit van Stellenbosch.

Hierdie kompetisie is aangebied vir deelnemers van oor die hele Suid-Afrika. Voorwaar 'n veer in die hoed van Anica, Pinehurst, Struisies en Oudtshoorn!

In die proses het Anica pryse ter waarde van R30 000 wat 'n studiebeurs aan die US insluit, ontvang.

***Pinehurst is baie trots op Anica. Welgedaan!***

## PRFEKTE VIR 2013

| Pinehurst | Archer |
|---|---|
| Rinli Scheepers [Hoofdogter] | Mihan Fourie [Hoofseun] |
| Chislaine November [O/HD] | JN de Wet [O/HS] |
| Zandeli Senekal | Francois McKnight |
| Jenny Nortjé | Marvin Hartman |
| Marizahn Lerm | |

***Baie geluk aan Mihan Fourie [VRL] en JN de Wet [Matriekraad] wat by die skool ook tot leierskapposisies verkies is.***

***" "n Goeie leier is ook 'n goeie volgeling..."***

## Francois Struisies se Junior Gholfkampioen vir 2012

Francois du Plessis het gewys dat hy 'n veelsydige sportman is deur die Struisies se Junior Gholfkampioenskappe vir 2012 te wen.

Francois is ook 'n gerekende rugby- en krieketspeler en het al vanjaar die Eerste Krieketspan verteenwoordig.

Archer verwag groot dinge van hom in 2013!




## ARCHER BOYZ "BETOOG" OOK!

Die matrieks se laaste skooldag lewer gewoonlik baie verassings en vanjaar se groep was geen uitsondering nie en kreatiewe plakkate was aan die orde van die dag!

Gelukkig was die "betoging" minder gewelddadig as wat tans in die land voorkom.

Die personele van beide Huis Archer en Pinehurst wens al die koshuismatrieks alles van die beste toe vir die finale eksamen.

## KONTAKBESONDERHEDE

**SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen 044-2791623 johan@oudhs.wcape.school.za

**PINEHURST**:

Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph 044-2791755 gerritrudolph@yahoo.com

Huismoeder: Mev. Ida Schmitt 044-2726155 jsch@telkomsa.net

**Diensdoende Personeel**:

Me Yvonne Robinson 044-2794061

Me Marieke Warnich 082-5310277

**HUIS ARCHER**:

Superintendent: Mnr. Dave van der Walt 044-2722580
davesus@mweb.co.za

Huismoeder: Mev. Susan van der Walt 044-2722580

**Diensdoende Personeel**:

Mnr. Peet Kruger 083-3806502

Mnr. Christo Serfontein 044-2792753

Mnr. Wilmero Freeks 072-5220211

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## TRADISIONELE EERSTESPAN-ONTBYT 2012



Die Vrydagoggend elke jaar voor Struisiedag bied Archer & Pinehurst 'n ontbyt vir al die Struisies-eerstespanne. As gaste van die koshuise geniet die eesrtespanne en hulle afrigters 'n vyfster-ontbyt.

Vanjaar is ook die hoogtepunte van al die sportwedstryde van die afgelope jaar weer teruggespeel om hulle in die regte stemming vir Struisiedag te bring.

Hier geniet die netbalspan hulle ontbyt!

### *GELUKWENSINGE AAN:*

Rudolph Serfontein [Wes-Kaap Karate]
Rossouw du Toit [SWD Akademie Rugby]
John-Henry Schmitt [SWD Akademie Rugby]
Suné Crook [Wes-Kaap Karate]

*John-Henry Schmitt het ook 'n sportbeurs van die Kings Rugby-unie aanvaar en gaan volgende jaar aan die NMMU studeer terwyl hy sy rugby ontwikkel by die Kings Rugby Akademie.*

## DATUMS OM TE ONTHOU….

| | |
|---|---|
| 18 OKT | **Prysuitdeling** |
| 19 | **Koekverkoping Gr 10** |
| 22 | **Begrotingsvergadering 2013** |
| 24 | **Oueraand [Gr 8—11]** |
| 26 | **Koshuisraadvergadering** |
| | **Tuisnaweek** |
| | **Leierskamp** |
| 05 NOV | **Borgefunksie** |
| 08 | **Finale eksamen begin [8-11]** |
| 09 | **Tuisnaweek** |
| 30 | **Eksamen eindig** |